


# 'N GEOGRAFIESE ONTLEDING VAN EKSPLORASIE IN DIE SENTRAAL-WESKUSGEBIED VAN SUID-AFRIKA (1660 TOT DIE ERA VAN DIE VEEBOERPIONIER)

Dr. G.L. de Kock

Universiteit van Stellenbosch

Eksplorasi vind plaas wanneer 'n reis onderneem word om informasie te verkry, selfs as dit nie die enigste of hoofrede vir die reis is nie. Dit is die soeke na kennis binne sowel as buite betrede maar nie ten volle bekende gebiede nie. Daar bestaan 'n betekenisvolle verskil tussen "ontdekking" en "eksplorasi": Die ontdekker lê slegs toevallig kennis bloot; die eksplorasierder, daarenteen, gaan doelbewus en evaluerend te werk. Die hoofelemente van eksplorasi wat uitloop op die volle ontwikkeling van 'n gebied, word in diagram 1 aangetoon.



Hoofelemente van die eksplorasieproses (volgens die model van J.D. OVERTON, *A theory of exploration*, Journal of historical geography, 1981).

Die Sentraal-Weskusgebied van Suid-Afrika omvat die landdrostdistrikte Clanwilliam, Vanrhynsdorp en Vredendal. Hierdie drie distrikte, ook bekend as die Olifantsrivier-sosio-ekonomiese streek, beslaan 'n oppervlakte van 20 500 km<sup>2</sup>. In die suidweste grens die gebied aan die landdrostdistrik Piketberg, aan die oostekant Calvinia, aan die noordekant Namakwaland, en aan die westekant aan die Atlantiese Oseaan.

Duidelike fisiese kenmerke van hierdie gebied is die steil bergreeks, wat die grootste gedeelte van die Olifantsrivier-afwateringsstelsel omsom, die amper gelykliggende en uitgestrekte Knersvlakte, die duinagtige Sandveld langs die Atlantiese kuslyn in die sentrale en suidelike gedeelte, en die heuwellande van die noordelike tot noordwestelike gedeelte. Die gebied ten noorde van die benedeloop van die Olifantsrivier is berug vir sy gebrek aan oop waters en die lae bruikbaarheid van die beskikbare water weens die soutkonsentrasie daarvan. Die waterprobleem en die fisiese hindernisse het gevolglik 'n sterk kontrole op vroeë eksplorasie uitgeoefen.

## EKSPLORASIE IN DIE SENTRAAL-WESKUSGEBIED VAN SUID-AFRIKA

### (a) Rédes vir eksplorasi en keuse van die gebied

Volgens J.D. Overton moet daar eerstens vraagfaktore bestaan om 'n uitbreiding van geografiese kennis oor nie-geëksplorasieerde of gedeeltelik geëksplorasieerde omgewing aan te moedig. Dit kan onder meer ekonomies van aard wees (byvoorbeeld 'n tekort aan grond en natuurlike hulpbronne, beperkte handelsgebiede en isolasie ten opsigte van markgebiede) of andersins godsdienstig of wetenskaplik gemotiveer wees.<sup>1</sup>

Hoewel die Here Sewentien van die Verenigde Oos-Indiese Kompanjie hoofsaaklik in die kuste en seë rondom Afrika belang gestel het ter wille van die veiligheid van die handelsvloot, het hulle tog ook binnelandse eksplorasie aangemoedig. Dit was dan ook gedurende die 17de eeu dat belangrike ekonomiese vraagfaktore, en nie godsdienstige of wetenskaplike motiewe nie, hierdie vroeë reise gestimuleer het. Inspirasie daarvoor is geput uit die aanloklike denkbeeldige geografiese data wat op 'n kaart in een van Jan Huyghen van Linschoten<sup>2</sup> se boeke oor die navigasie van vroeë Portugese ontdekkers voorgekom het, 'n mondelinge verslag van die Spaanse priester Martinus Mantini oor die mitiese Monomotapa met sy ontsaglike rykdomme en die fabelagtige Vigiti Magna, en die moontlikheid van Hottentotruilhandel.

In 1657 het kommissaris Rijckloff van Goens aan Jan van Riebeeck opdrag gegee om wanneer die geleentheid hom voordoen, ondersoek in te stel na enigiets wat tot profyte aanleiding kon gee, byvoorbeeld, goud, ivoor, velle, seekoetande, volstruisvere, renosterhorings, heuning en was.

'n Tweede element is die keuse van die gebied. Dit hang saam met die evaluasie van die voorgenome nie-geëksplorasieerde gebied.<sup>3</sup> Van Goens was van mening dat die weskus van die tiende graad suiderbreedte in Angola suidwaarts ondersoek moes word en dat dit beter sou wees om togte oor land as oor see te onderneem. Die inwoners van die gebied moes, nadat die gebied mettertyd geëksplorasieer is, oorreed word om die Kaap met hulle handelsware te besoek. Volgens Van Goens sou dit die Kompanjie die minste kos en terselfdertyd die grootste profyt lewer. Om vrywilligers aan te moedig om reise na die binneland te onderneem,

1. J.D. OVERTON, *A theory of exploration*, Journal of historical geography 7(1), 1981, p. 57.
2. J.H. VAN LINSCHOTEN, *Histoire de la navigation de Ean Hugues de Linschot Hollandois aux Indes Orientales* (Amsterdam, 1619).
3. OVERTON, *op. cit.*, p. 57.



Gedeelte van die Van Linschotenkaart grotendeels gebaseer op mitiese data.

FOTO: KARTOTEK, DEPT. GEOGRAFIE,  
UNIVERSITEIT STELLENBOSCH

het hy aanbeveel dat persone wat eksplorasiereise onderneem, beloon word in ooreenstemming met hul prestasie.<sup>4</sup>

#### (b) *Evaluering van verslag*


Verdere elemente in die model van J.D. Overton is die eksplorasiereis self en die waardering van die gebied deur die eksplorieerder. Die verslag van die eksplorieerder is gewoonlik deurslaggewend want dit bevat die beskrywing en evaluering van 'n gebied wat deur die besluitnemers ontleed moet word.<sup>5</sup>

P.L. Scholtz<sup>6</sup> (1964) dui twee tydperke aan waarin ontdekkingsreise plaasgevind het: tussen 1660 en 1664, en dan weer tussen 1682 en 1685. Die reisgeselskappe het gewoonlik hulle togte gedurende die somermaande aangepak om nie deur vol riviere gestuit te word nie. Gevolglik moes hulle 'n waterlose landskap te voet, later met pakosse en waens, oorsteek. Die water wat wel beskikbaar was, was dikwels nie vir menslike of dierlike gebruik geskik nie. Aan die eerste reisigers — soos Jan Wintervogel (1655) — het Jan van Riebeeck onder meer opdrag gegee om gereelde kompaslesings te neem met die doel om 'n roete vir toekomstige reise vas te stel, en relatiewe tyd moes getrou genoteer word om distansies van die verskillende stadia van die reise te bepaal. Hierdie data moes op 'n kaart aangebring word. Afsien van die kompas het die reisigers gebruik gemaak van die kruisstaaf en astrolabium.<sup>7</sup> Die kaarte is gewoonlik deur ervare kaarttekenaars of joernaalhouers versorg. (Vergelyk die kaart wat gedurende die ekspedisie van Pieter Everaert (1661-1662) saamgestel is). Die reisigers moes voorts die ligging van bewerkbare grond, bergagtige gedeeltes van die landskap, waterplekke, standhoudende riviere en moontlike silwer- en goudneerslae noteer. Name moes aan sommige prominente landmerke toegeken word en die name van die verskillende stamme, hul hoofde, ver-

blyfplekke en gesindhede teenoor die Blankes moes vasgestel word. Voorts moes geskikte roetes bepaal word, terwyl ondersoek ingestel moes word na die industrie, godsdiens, habitasie en verdedigingsstellings van die inheemse bevolkings.<sup>8</sup>

Die grootste struikelblok vir die eerste ekspedisies, onder meer dié van Jan Danckaert (1660-1661), was die steil berglandskap (Olifantsrivierberge) suid van die Olifantsriviervallei.<sup>9</sup> Die klipperige sandgrond langs die Olifantsrivier was oorgroei met doringbosse, sodat beweging oor hierdie terrein uiters moeilik was.<sup>10</sup>

Deur die joernale van die verskillende eksplorieerders te evalueer, is gevind dat niteenstaande die mislukkings van die eerste pogings (1660-64) om die legendariese ryk Monomotapa op te spoor, die landskap teenoor die Weskus in die proses tog wel bekend gestel is. Daar is kennis geneem van die hulpbronnasie van die gebied, onder meer van die groot getalle en verskeidenheid wild, van die varswatervis en waterplante wat deur inheemse bevolkings benut word, en van marmerafsettings. Ewe belangrik is die notering van die fisiese kenmerke van die landskap, soos die geardeheid van die riviere en die terrein. So, byvoorbeeld, het Cornelus de Cretser, wat die joernaal van Pieter Everaert se ekspedisie (1661-1662) gehou het, aangeteken dat kolle goeie, vaste grond, geskik vir landboukundige benutting, voorkom.<sup>11</sup> Verder is die inheemse stamme wat die Sentraal-Weskusgebied bewoon het, weens die moontlikheid van ruilhandel as 'n besondere betekenisvolle ekonomiese bate aangeslaan. In daardie stadium kon die Sentraal-Weskus van Suid-Afrika hoewel afgeleë, as die bekendste deel van die Suid-Afrikaanse binneland beskou word, aangesien dit op die pad na die vermeende legendariese Monomotapa geleë was.



Everaert se reis (1661-1662) met legendariese Vigiti Magnarivier wat nêrens uitmond nie.

FOTO: KAAPSE ARGIEFBEWAARPLEK, KAAPSTAD

4. A. BOËSEKEN, *Die kommissaris aan die Kaap 1657-1700* (MA, Universiteit van Stellenbosch, 1936), pp. 141-143.
5. OVERTON, *op. cit.*, p. 58.
6. P.L. SCHOLTZ, *Die historiese ontwikkeling van die Onder-Olifantsrivier 1660-1902* (D.Litt.et Phil., Universiteit van Suid-Afrika, Pretoria, 1964), pp. 17 en 29.
7. *Ibid.*, p. 18.
8. H.B. THOM, *Journal of Jan van Riebeeck III, 1659-1662* (Kaapstad, 1956), pp. 285-287.
9. *Ibid.*, p. 318.
10. *Ibid.*, pp. 315-317.
11. *Ibid.*, p. 465.

Die verwisseling van kommandeurs en die Nederlandse betrokkenheid by Europese oorloë het tot gevolg gehad dat aan die bou van die Kasteel de Goede Hoop en ander plaaslike sake voorkeur gegee is, sodat 'n tweede reeks reise eers in 1682 'n aanvang geneem het. Nog voor die einde van die Europese oorloë was die Kompanjie egter geneë om die Weskusgebied verder te laat ondersoek, sodat meer gedetailleerde geografiese kennis ten opsigte van die landskaps-gesteldheid versamel kon word, die moontlikheid van geskikte hawens en skeepvaart verder ondersoek kon word en meer omvattende kennis versamel kon word oor die inwoners met die oog op handel. Deur van seevaart gebruik te maak sou die lang en moeilike reise oor land uitgeskakel word.

Op grond hiervan is seetogte aangepak en is daar op drie geleenthede met bote uitgevaar. So is vasgestel dat die Olifantsriviermonding ongeveer 160 km noord van St. Helenabaai is, en is Everaert se oordeel bevestig, naamlik dat geen boot die rivier sou kon bevaar nie, aangesien dit te vlak is.<sup>12</sup> Ten opsigte van die ekonomiese voordele van die Weskus, was die resultaat negatief en is die geweste ten noorde van St. Helena as 'n onbewoonde woestyn geperspieer.<sup>13</sup> Die negatiewe uitslag met betrekking tot seetogte het uiteraard tot die einde daarvan aanleiding gegee.

Simon van der Stel wat ook deur die legendariese Monomotapa betower is, wou die Namakwas na die Kaap lok om 'n noukeurige ondersoek in te stel of hulle nie miskien oor verborge kennis beskik nie.<sup>14</sup> Hy was verder onder die indruk dat die landstreek waar die Namakwas gevestig was, oor bepaalde bronne van kommersiële waarde beskik het. Aan kaptein Kees is in 1681 opdrag gegee om die Namakwas na die Kaap te nooi. Sommige van die Namakwas het die uitnodiging aanvaar en kopererts, wat op 'n mineraalbron dui, saamgebring.

Van der Stel het hulle gretig oor hul tuislandskap uitgevra en navraag gedoen oor die groot rivier Cammissa en die stad Vigi Magna. Hulle het egter geen kennis van sodanige plek naby hulle tuisgebied gehad nie, maar hulle was wel van 'n baie groot breë en diep rivier bewus; dit moes die huidige Oranjerivier gewees het.<sup>15</sup> Dit was uit hierdie onderhoud duidelik dat die Namakwas slegs vee en koper as produkte kon aanbied.

Kort hierna (1682) het Van Goens weer die Kaap onderweg na Holland aangedoen. Hy het 'n nuwe geslag mense ontmoet wat egter soos hul voorgangers steeds geglo het aan die mitiese Cammissa en die met klip geboude Vigi Magna wat op sy oewer geleë was. Hy het aan Van der Stel instruksies gelaat met betrekking tot eksplorasiereise, onder meer dat dit veiliger sou wees om aan die einde van die reënseisoen in die maande Augustus, September en Oktober, wanneer daar nêrens 'n gebrek aan water sou wees nie, 'n tog te onderneem.<sup>16</sup>

Intussen is die klein hoeveelhede kopererts wat van die besoekende Namakwas gekry is, vir ontleding na Holland gestuur, en die positiewe uitslag daarvan het aanleiding gegee tot die onderneming van verdere landtogte.<sup>17</sup> Die eksplorasiereise wat in hierdie periode gevolg het, het afgewyk van die ou moeilike bergagtige roete en 'n makliker een oor die Sandveld is gevolg. Vir al die ekspedisies tot dusver en vir dié wat gevolg het, was dit veral die landskap ten noorde van die benedeloop van die Olifantsrivier wat hoofbrekens besorg het. Hierdie deel van die landskap het die ontdekkingsreisigers tot die uiterste beproef. Vergelyk, byvoorbeeld, die beskrywing van Olof Bergh se reise van 1682 en 1683 waarin die volgende beskrywing voorkom: 'na omtrent twee uur se trek kon een van hulle beeste nie meer verder nie en is agtergelaat, maar het hulle teen die aand by die fontein met stinkende water uitgekome, waaromheen

slegs droë bossies vir die beeste voorgekom het'.<sup>18</sup> Die twee ekspedisies van Olof Bergh na die Koperberge het onder andere kaarttekenaars, delwers en joernaalhousers ingesluit.<sup>19</sup> Beide hierdie ekspedisies het egter misluk weens die gebrek aan water in Namakwaland, maar waardevolle geografiese en geologiese data is tog oor die weskusvlakte bekom en gekarteer.

Weens die positiewe resultaat van kopermonsters wat deur Izak Schrijver in 1684 van die Koperberg in Namakwaland gebring is, het Simon van der Stel besluit om persoonlik ondersoek te gaan instel. Bergh se roete oor die Sandveld is gevolg. Ook hulle het met dik sand te kampe gehad waardeur hulle vertraag is. Dit is duidelik uit die joernaal dat met hierdie spesifieke ekspedisie die fisiese landskap besonder noukeurig ontlee is. By Kompanjiesdrif het die burgers wat Van der Stel se ekspedisie meegemaak het, verlof van die kommandeur verkry om jag te maak op seekoë, elande en renosters. Dit moes 'n besondere goeie reënseisoen gewees het, aangesien die gebied ten noorde van die benedeloop van die Olifantsrivier welig met gras bedek was. Voorts word melding gemaak van 'skerpioene so groot soos Rhynekreef in Europa', en is aangeteken dat 'n fisiese landskap wat tydens die reise van Pieter van Meerhoff en Olof Bergh 'n beeld van 'n dorre woestynlandskap geskep het, nou vertoon soos 'n paradyslandskap wat uit groen weiveld met volop wild- en voëlsoorte bestaan.<sup>20</sup> Dit is dus 'n nie-stadiese landskap wat binne korte duur vinnig van voorkoms kan verander as gevolg van die interaksie van verskillende fisiese elemente.

Nadat Van der Stel vrede onder die verskillende strydende stamme by Bakkeley Plaatz bewerkstellig het, het hy noordwaarts deur Namakwaland getrek. Die landskap wat deur die Moedverloorheuwels verteenwoordig word, het tekens van mineraalhelpbronne getoon. In die omgewing van Meerhoffs Casteel is die landskap besonder noukeurig deur Van der Stel ontlee en opgesom nadat hy self die berg tot by sy kruin bestyg het.<sup>21</sup> Nadat hy die Koperberg bereik en gevind het dat die ontginning van koper daar onekonomies sou wees, het Van der Stel ook die landstreek ten weste van die Koperberg ondersoek.

Die reis van Van der Stel het 'n magdom korrekte geografiese data opgelewer en aanleiding gegee tot meer akkurate kaarte met betrekking tot die geografie van hierdie gedeelte van die suidelike subkontinent. Monomotapa, met sy goud en ander rykdomme het geblyk 'n mite te wees. Alhoewel geografiese kennis bekom is, is die oorspronklike vraagfaktore nie bevredig nie, behalwe dat moontlike vee-ruilhandel met inheemse bevolkingsgroepe en die jag van wild moontlik was.

12. SCHOLTZ, *op. cit.*, p. 29.

13. G.M. THEAL, *History of South Africa before 1795*, III (Londen, 1922), p. 177.

14. SCHOLTZ, *op. cit.*, p. 30.

15. Theal, *op. cit.*, pp. 254-255.

16. E.E. MOSSOP, *Journals of the expeditions of the honourable ensign Olof Bergh (1682 and 1683) and the ensign Isaq Schrijver (1889)* (Kaapstad, 1931), pp. 22 en 24.

17. SCHOLTZ, *op. cit.*, p. 31.


18. MOSSOP, *op. cit.*, p. 106.

19. SCHOLTZ, *op. cit.*, p. 33.

20. G. WATERHOUSE, *Simon van der Stel's journal of his expedition to Namaqualand 1685-1686* (Londen, 1932), pp. 18-19 and 23.

21. *Ibid.*, p. 26-29.





Roete deur Bergh, Schrijver en Van der Stel gevolg. Oorspronklike sowel as huidige plek- en verskynselname is aangebring. Gewysig en deels oorgeteken vanaf 'n kaart van E.E. MOSSOP, *Journals of the expeditions of the honourable ensign Olof Bergh (1682-1683) and the ensign Isaac Schrijver (1889)* (Kaapstad, 1931).

## BESETTING VAN DIE GEBIED DEUR BLANKES

Nadat die verslae van die eksplorasie deur die besluitnemers ontleed is en die reis onsuksesvol blyk te wees ten opsigte van dit wat gesoek is, sal die oorspronklike vraagfaktore nie bevredig word nie. Die proses sal herhaal word deur 'n nuwe gebied te kies. Nuwe vraagfaktore kan egter intussen na vore tree, soos wat die geval met die gebied onder bespreking is. Dit kan aanleiding gee tot 'n nuwe ronde van eksplorasië van dieselfde gebied, mits daar nog grondgebied vir eksplorasië en waardering beskikbaar is.<sup>22</sup>

Weens die monopolistiese beleid van die Kompanjie het verarming die Vryburgers aan die Kaap op groot skaal bedreig.<sup>23</sup> 'n Beperkte afset vir hulle produkte, hoë vervoer- en produksiekoste en die wisselvalligheid van die landboubedryf het die koloniste erg geknel. Veeboerdery kon gevolglik met heelwat meer sukses as graanboerdery beoefen word. Dit het minder arbeid vereis, die produksiekoste was

laer en daarbenewens was daar nie probleme met bemerking en vervoer nie. Verlaagde jong boere sou hieruit groot voordeel kon trek, aangesien dit feitlik geen aanvanklike kapitaal geveer het nie omdat lonende veeruil met die inheemse stamme groot moontlikhede ingehou het. Gevolglik het talle Blanke koloniste hulle op veeboerdery toegespits wat op sy beurt aanleiding gegee het tot 'n gebrek aan genoeg veeruil in die reeds besette gebiede.

Voor die einde van die 17de eeu het daar in die binneland van die Kaapkolonie 'n half-nomadiese pionierstipe jagter-veeboer gevestig geraak wat selfstandige veeboerdery, los van die akkerbou en eiendomsverbinde, en as verdere lokmiddel burgerlike jag van wild en winsgewende veeruil met die Hottentotstamme bedryf het.

Dit was dus die moontlikheid van veeboerdery, veeruil en jag wat as sterk vraagfaktore na vore getree het en tot 'n herwaardering van die gebied onder bespreking gelei het. Teen die 18de eeu was die Hottentotte so deur verarming weens veeruil met die Blankes geruineer, dat hulle verplig was om verder noordwaarts uit te wyk. Die Sentraal-Weskusgebied het braak gelê vir Blanke vestiging. 'n Groter sekuriteit vir vestiging is later bereik, nadat die Boesmans finaal in 1739 deur die Blankes verslaan is en dit natuurlikerwys meer intense Blanke besetting aangemoedig het.<sup>24</sup>

## GEVOLGTREKKING

Eksplorasië van die Sentraal-Weskusgebied is hoofsaaklik onderneem as gevolg van ekonomiese vraagfaktore wat ontstaan het. Alhoewel die oorspronklike vraagfaktore, soos die soeke na natuurlike hulpbronne, wat ook die rykdomme van die legendariese ryk van Monomotapa ingesluit het, nie bevredig is nie, het die moontlikheid van veeruil en jag wel tot

'n beperkte suksesvolle eksplorasië-aktiwiteit aanleiding gegee. Die reis wat onderneem is, het nie onmiddellik tot die volgende fase van ontwikkeling van die geëksplorasie gebied gelei soos wat in die diagram gepostuleer is nie. 'n Nuwe gebied elders is ook nie gekies nie.

Die latere ontstaan van ander ekonomiese vraagfaktore (weens die verarming van die Vryburgers), naamlik die behoefte aan nuwe jag- en weivelde, het egter tot 'n herwaardering van hierdie gebied aanleiding gegee. Omdat die Sentraal-Weskus aan hierdie nuwe vraag kon voorsien, is dit metterwoon deur die Blanke beset en mettertyd het verdere rondes van eksplorasië en herwaardering gevolg, sodat 'n fase van versnelde ontwikkeling tot feitlik ten volle ontwikkeling 'n landskapsbeeld geskep het soos dit vandag daar uitsien. **C**

22. OVERTON, *op. cit.*, p. 58.

23. Inligting in verband met die redes vir die ontwikkeling van veeboerdery is verky, tensy anders vermeld, uit P.J. VAN DER MERWE, *Die trekboer in die geskiedenis van die Kaapkolonie, 1657-1842* (Kaapstad, 1938), pp. 1-132.

24. G.L. VAN HEERDE, *Sentraal-Weskus Ontwikkelingstreek: geskiedkundige agtergrond en perspektief* (Ongepubliseerde verslag van die Departement Stads- en Streeksbeplanning, Universiteit van Stellenbosch, 1968) p. 10.